- (b) waar die laaste maandelikse meteraflesing betrekende die halfjaarlikse heffingstydperk ná die einde van dié tydperk plaasvind, dié gedeelte van die daarvolgende tydperk wat reeds verstryk was toe die meteraflesing plaasgevind het, deel van die heffingstydperk waarop die lesing betrekking het, geag word; en
- (c) waar die ontlassing van uityloeisel in 'n vuilriool op 'n datum gedurende 'n halfjaar, soos voornoem, begin, die geld ten opsigte van dié halfjaar van genoemde datum af bereken word.

6. Indien daar bewys word dat 'n meter waarmee die hoeveelheid water wat op die perseel verbruik word afgemeet word defek is, moet die hoeveelheid fabrieksuityloeisel wat ontlas is, bereken ooreenkomsdig reël 4, dienooreenkomsdig gewysig word.

7. (1) Waar fabrieksuitvloeisel op meer as een plek in 'n vuilriool ontlas word, hetsy op dieselfde verdieping hetsy op verskillende verdiepings van 'n perseel, kan die Raad na goeddunke vir alle doeleindes om 'n bedrag ingevolge hierdie tarief te kan hef, met inbegrip van die neem van toetsmonsters, iedere sodanige ontlaspolek as 'n afsonderlike plek ag vir die ontlassing van fabrieksuitvloeisel in die vuilriool.

(2) Met die doel om die hoeveelheid fabrieksuitvloeisel wat by iedere ontlaspolek, soos voornoem, ontlas word te kan bereken soos dit ingevolge reël 4 voorgeskryf word, word die totale hoeveelheid water wat op die perseel verbruik is, so juis as wat redelikerwys moontlik is, na oorlegpleging tussen die ingenieur en die okkupant, aan die verskillende ontlaspolekke toege wys.

8. Die minimum bedrag wat vir die ontlassing van fabrieksuitvloeisel in die vuilriool gehef word, is of—

- (a) 5c per 1,000 (duisend) gelling plus 'n toeslag van 25 persent (vyf-en-twintig persent) op sodanige bedraf; of
- (b) R2 vir die halfjaar plus 'n toeslag van 25 persent (vyf-en-twintig persent) op hierdie bedrag, watter bedrag ook al die grootste is."

T.A.L.G. 5/34/111.

Administrateurskennisgewing No. 109.] [1 Februarie 1967.
MUNISIPALITEIT BETHAL.—VERANDERING
VAN GRENSE.

Die Administrateur het ingevolge artikel 9 (7) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die grense van die Municipaliteit Bethal verander deur die inlywing van die gebied omskryf in Bylae 1 hiervan en die uitsluiting van die gebied omskryf in Bylae 2 hiervan.

T.A.L.G. 3/2/7.

BYLAE I.

MUNISIPALITEIT BETHAL.—BESKRYWING VAN GEBIED WAT INGELYF WORD.

Gedeelte 68 ('n gedeelte van Gedeelte 4) van die plaas Blesbokspruit No. 150—I.S., groot 160·0062 morg, volgens Kaart L.G. No. A.4135/62.

BYLAE II.

MUNISIPALITEIT BETHAL.—BESKRYWING VAN GEBIED WAT UITGESLUIT WORD.

Gedeelte 71 ('n gedeelte van Gedeelte 6) van die plaas Blesbokspruit No. 150—I.S., groot 254·4528 morg, volgens Kaart L.G. No. A.3754/63.

5. Unless the Board shall in any particular case agree otherwise, in writing, with an owner or occupier, charges prescribed in terms of this tariff shall be levied in respect of half-years beginning on 1st July and 1st January: Provided that—

- (a) where the last monthly meter reading relating to a half-yearly charging period, is taken before the end of that period the remaining part of the period shall be deemed to belong for charging purposes to the next succeeding half-yearly charging period;
- (b) where the last monthly meter reading relating to the half-yearly charging period is taken after the end of that period that part of the succeeding period which has elapsed when the reading is taken, shall be deemed to form part of the charging period to which the reading relates; and
- (c) where the discharge of effluent to a sewer begins during a half-year as aforesaid, the charge made in respect of that half-year shall be calculated as from the said date.

6. If a meter whereby the quantity of water consumed on the premises is measured is proved defective, the appropriate adjustment shall be made to the quantity of industrial effluent discharged when calculated as prescribed in terms of rule 4.

7. (1) Where industrial effluent is discharged into a sewer from more points than one, whether on the same floor or on different floors of premises, the Board may in its discretion for all the purposes of making a charge in terms of this tariff, including the taking of test samples, treat each such point of discharge as a separate point for the discharge of industrial effluent into the sewer.

(2) For the purpose of calculating, as prescribed in terms of rule 4, the quantity of industrial effluent discharged from each point of discharge as aforesaid, the total water consumed on the premises shall be allocated as accurately as is reasonably practicable, after consultation between the engineer and the occupier, among the several points of discharge.

8. The minimum charge for the discharge of industrial effluent into a sewer shall either be—

- (a) 5c per 1,000 (one thousand) gallons plus a surcharge of 25% (twenty-five per cent) on such amount; or
- (b) R2 for the half-year plus a surcharge of 25% (twenty-five per cent) on this amount, whichever amount is the greater."

T.A.L.G. 5/34/111.

Administrator's Notice No. 109.] [1 February 1967.
BETHAL MUNICIPALITY.—ALTERATION OF
BOUNDARIES.

The Administrator has in terms of section 9 (7) of the Local Government Ordinance, 1939, altered the Boundaries of the Bethal Municipality by the inclusion therein of the area described in Schedule 1 hereto and the exclusion of the area described in Schedule 2 hereto.

T.A.L.G. 3/2/7.

SCHEDULE I.

BETHAL MUNICIPALITY.—DESCRIPTION OF AREA INCLUDED.

Portion 68 (a portion of Portion 4) of the farm Blesbokspruit No. 150—I.S., in extent 160·0062 morgen, *vide* Diagram S.G. No. A.4135/62.

SCHEDULE II.

BETHAL MUNICIPALITY.—DESCRIPTION OF AREA EXCLUDED.

Portion 71 (a portion of Portion 6) of the farm Blesbokspruit No. 150—I.S., in extent 254·4528 morgen, *vide* Diagram S.G. No. A.3754/63.

Administrateurskennisgewing No. 110.] [1 Februarie 1967.
MUNISIPALITEIT NELSPRUIT.—TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VERVAT IN DEEL III (VENTERS EN MARSKRAMERS) VAN HOOFSTUK XI VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, 1939, OP DIE MUNISIPALE GEBIED VAN NELSPRUIT.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 160 bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat hy ingevolge genoemde artikel die bepalings van Deel III (Venters en Marckramers) van Hoofstuk XI van die genoemde Ordonnansie, op die Munisipaliteit Nelspruit, van toepassing gemaak het.

T.A.L.G. 17/94/22.

Administrateurskennisgewing No. 111.] [1 Februarie 1967.
MUNISIPALITEIT RUSTENBURG.—SKUTTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164 (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 71 van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Skuttarief.

1. Skutgeld.	R c
(1) Vir iedere perdehings van twee jaar en ouer	1 00
(2) Vir iedere donkiehings van twee jaar en ouer	1 00
(3) Vir iedere bul	1 00
(4) Vir iedere perd (uitgesonderd 'n hings van twee jaar en ouer), muil, donkie (uitgesonderd 'n hings van twee jaar en ouer), os, koei of volstruis	0 50
(5) Vir iedere bok of skaap	0 25
(6) Vir iedere vark, met uitsondering van speenvarkies	0 25

Per dag
of gedeelte
daarvan.

R c

2. Gelde ten opsigte van weiding en versorging.	R c
(1) Vir iedere perd, muil, donkie of volstruis	0 07½
(2) Vir iedere os of koei	0 05
(3) Vir enige aantal bokke, skape of ander diere nie in subitems (1) en (2) vermeld nie, elk	0 02½
(4) Vir die voer van diere in die skut:—	
(a) Vir iedere perd, muil, donkie, bul, os, koei, kalf of volstruis	0 50
(b) Vir iedere bok of skaap	0 10
(c) Vir iedere vark	0 20

3. Dryfgeld.

(1) Van binne die munisipaliteit:—	
(a) Perde, muile, donkies, beeste of volstruise tot 'n maksimum van ses, per stuk	0 10
(b) Skape of bokke tot 'n maksimum van twaalf, per stuk	0 05
(c) Skape of bokke bo twaalf, per twaalf of gedeelte daarvan	0 10
(d) Varke, per stuk	0 10
(2) Van buite die munisipaliteit:—	
(a) Perde, muile, donkies of volstruise tot 'n maksimum van 10, per stuk, per myl	0 10
(b) Beeste tot 'n maksimum van 20, per stuk, per myl	0 15
(c) Skape, bokke of varke tot 'n maksimum van 30, per stuk, per myl	0 10
(d) Indien die aantal diere wat na die skut aangedryf word die bogenoemde getalle oorskry, word die toepaslike gelde verdubbel.	

4. Die „Pound Tariff” van die Munisipaliteit Rustenburg, goedgekeur deur die Administrateur van Transvaal op 1 Desember 1910, waarvan 'n Afrikaanse teks afgekondig is by Administrateurskennisgewing No. 696 van 5 September 1956, word hierby herroep.

T.A.L.G. 5/75/31.

Administrator's Notice No. 110.] [1 February 1967.
NELSPRUIT MUNICIPALITY.—APPLICATION OF PART III (PEDLARS AND HAWKERS) OF CHAPTER XI OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939, TO THE MUNICIPALITY OF NELSPRUIT.

The Administrator hereby publishes, in terms of section 160 bis of the Local Government Ordinance, 1939, that he has, in terms of the said section applied the provisions of Part III (Pedlars and Hawkers) of Chapter XI of the said Ordinance, to the Municipality of Nelspruit.

T.A.L.G. 17/94/22.

Administrator's Notice No. 111.] [1 February 1967.
RUSTENBURG MUNICIPALITY.—POUND TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 164 (3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 71 of the said Ordinance.

*Pound Tariff.*1. *Pound Fees.*

	R c
(1) For each stallion horse of the age of two years and over	1 00
(2) For each stallion ass of the age of two years and over	1 00
(3) For each bull	1 00
(4) For each horse (not being a stallion of the age of two years or over), mule, ass (not being a stallion of the age of two years or over), ox, cow or ostrich	0 50
(5) For each goat or sheep	0 25
(6) For each pig (other than sucking pigs)	0 25

Per day
or Part
Thereof.

R c

2. *Fees in Respect of Grazing and Tending.*

(1) For each horse, mule, ass or ostrich	0 07½
(2) For each ox or cow	0 05
(3) For any number of goats, sheep or other animals not referred to in subitems (1) and (2)	0 02½
(4) For feeding animals in the pound:—	
(a) For each horse, mule, ass, bull, ox, cow, calf or ostrich	0 50
(b) For each goat or sheep	0 10
(c) For each pig	0 20

3. *Driving Fees.*

(1) From Within the Municipality:—	
(a) Horses, mules, asses, cattle or ostriches to a maximum of six, per head	0 10
(b) Sheep or goats to a maximum of twelve, per head	0 05
(c) Sheep or goats more than twelve, per twelve of part thereof	0 10
(d) Pigs, per head	0 10
(2) From Outside the Municipality:—	
(a) Horses, mules, asses or ostriches to a maximum of ten, per head, per mile	0 10
(b) Cattle to a maximum of 20, per head, per mile	0 15
(c) Sheep, goats or pigs to a maximum of 30, per head, per mile	0 10
(d) Should any number of animals driven to the pound exceed the said numbers, the applicable fees shall be doubled.	

4. The Pound Tariff of the Rustenburg Municipality, approved by the Administrator of the Transvaal on 1st December, 1910, of which an Afrikaans text was published under Administrator's Notice No. 696 of 5th September, 1956, is hereby revoked.

T.A.L.G. 5/75/31.

Administrateurskennisgewing No. 112.] [1 Februarie 1967.
MUNISIPALITEIT ALBERTON.—VERANDERING VAN GRENSE.

Die Administrateur het ingevolge artikel 9 (7) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die grense van die Munisipaliteit Alberton verander deur die inlywing daarin van die gebied omskryf in Bylae 1 hiervan.

Die Administrateur het voorts ingevolge artikels 9 (9) en 159 bis (1) (g) van genoemde Ordonnansie die gebied omskryf in Bylae 2 hiervan, vrygestel van die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933.

T.A.L.G. 3/2/4.

BYLAE 1.

BESKRYWING VAN GEBIED WAT INGESLUIT IS.

Begin by die noordwestelike baken van Gedeelte 9 (Kaart L.G. No. A.4396/10) van die plaas Palmietfontein No. 141—I.R.; daarvan ooswaarts en suidooswaarts langs die noordelike en noordoostelike grense onderskeidelik van genoemde plaas Palmietfontein No. 141—I.R. tot by die noordelikste baken van Thokoza-Bantolokasie (Kaart L.G. No. A.4358/58); daarvandaan algemeen suidwaarts langs die onregelmatige westelike grens van genoemde Thokoza-Bantolokasie sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word tot by die suidelikste baken daarvan op die suidoostelike grens van die plaas Palmietfontein No. 141—I.R.; daarvandaan suidwaarts en algemeen noordwaarts langs onderskeidelik die suidoostelike en westelike grens van genoemde plaas tot by die noordoostelike baken van die plaas Kromvlei No. 142—I.R.; daarvandaan noordoswaarts in 'n reguit lyn oor die resterende gedeelte van die plaas Palmietfontein No. 141—I.R. tot by baken geleter G op die Kaart L.G. No. A.4396/10 van Gedeelte 9 van die plaas Palmietfontein No. 141—I.R.; daarvandaan noordwaarts langs die westelike grens van genoemde Gedeelte 9 tot by die noordwestelike baken daarvan, die beginpunt.

BYLAE 2.

GEBIED VRYGESTEL VAN BELASTING.

- (a) Die gedeeltes van die gebied omskryf in Bylae 1 wat gebruik word as landbougrond soos omskryf in artikel 4 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933.
- (b) Die gedeeltes van die gebied omskryf in Bylae 1 wat gebruik word vir steengroefdoeleindes; met dien verstande dat daardie gedeeltes waarop stene werklik vervaardig word, nie hierin uitgesluit is nie.

Administrateurskennisgewing No. 113.] [1 Februarie 1967.
PADREËLINGS OP DIE PLAAS KLIPSUIT No. 199—I.R., DISTRIK DELMAS.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. J. W. Hurter om die sluiting van 'n openbare pad op die plaas Klipsuit No. 199—I.R., distrik Delmas, is die Administrateur voornemens om ooreenkomsdig artikel agt-en-twintig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne dertig dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 1001, Benoni, skriftelik in te dien.

Ooreenkomsdig subartikel (3) van artikel nege-en-twintig van genoemde Ordonnansie word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die bedrag van R10 ten opsigte van die koste van 'n kommissie wat aangestel word ooreenkomsdig artikel dertig, as gevolg van sulke besware.

D.P. 021-022D-23/24/K1.

Administrator's Notice No. 112.] [1 February 1967.
ALBERTON MUNICIPALITY.—ALTERATION OF BOUNDARIES.

The Administrator has, in terms of section 9 (7) of the Local Government Ordinance, 1939, altered the boundaries of the Alberton Municipality by the inclusion therein of the area described in Schedule 1 hereto.

The Administrator has furthermore in terms of sections 9 (9) and 159 bis (1) (g) of the said Ordinance, exempted the area as described in Schedule 2 hereto, from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933.

T.A.L.G. 3/2/4.

SCHEDULE 1.

DESCRIPTION OF AREA INCLUDED.

Beginning at the north-western beacon of Portion 9 (Diagram S.G. No. A.4396/10) of the farm Palmietfontein No. 141—I.R.: proceeding thence eastwards and south-eastwards along the northern and north-eastern boundaries respectively of the said farm Palmietfontein No. 141—I.R. to the northernmost beacon of Thokoza Bantu Location (Diagram S.G. A.4358/58); thence generally southwards along the irregular western boundary of the said Thokoza Bantu Location so as to exclude it from this area to the southernmost beacon thereof on the south-eastern boundary of the farm Palmietfontein No. 141—I.R.; thence south-westwards and generally northwards along the south-eastern and western boundaries respectively of the said farm to the north-eastern beacon of the farm Kromvlei No. 142—I.R.; thence north-eastwards in a straight line across the remaining extent of the farm Palmietfontein No. 141—I.R. to beacon lettered G on the Diagram S.G. No. A.4396/10 of Portion 9 of the farm Palmietfontein No. 141—I.R.; thence northwards along the western boundary of the said Portion 9 to the north-western beacon thereof, the place of beginning.

SCHEDULE 2.

AREA EXEMPTED FROM RATING.

- (a) The portions of the area described in Schedule 1 used as agricultural land as described in section 4 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933.
- (b) The portions of the area described in Schedule 1 used for brick quarrying purposes provided that those portions on which bricks are actually manufactured are not included herein.

Administrator's Notice No. 113.] [1 February 1967.
ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM KLIPSUIT NO. 199—I.R., DISTRICT OF DELMAS.

In view of an application having been made by Mr. J. W. Hurter for the closing of a public road on the farm Klipsuit No. 199—I.R., District of Delmas, it is the Administrator's intention to take action in terms of section twenty-eight of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 1001, Benoni, within thirty days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

In terms of subsection (3) of section twenty-nine of the said Ordinance, it is notified for general information that if any objection to the said application is taken, but is thereafter dismissed, the objector may be held liable for the amount of R10 in respect of the costs of a commission appointed in terms of section thirty, as a result of such objections.

D.P. 021-022D-23/24/K1.

Administrateurskennisgewing No. 114.]

[1 Februarie 1967.

VOORGESTELDE OPHEFFING OF VERMINDERING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS KLIPVIEW NO. 175—I.R., DISTRIK VEREENIGING.

Met die oog op 'n aansoek ontvang namens mnr. W. G. Brill om die opheffing of vermindering van die serwituut van uitspanning, groot 1/75ste van 1,608 morg 518 vierkante roede, waaraan die resterende gedeelte van die plaas Klipview No. 175—I.R., distrik Vereeniging, onderhewig is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomsdig artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampte, Privaatsak 1001, Benoni, skriftelik in te dien.

D.P. 021-024-37/3/K10.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KENNISGEWING NO. 6 VAN 1967.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP MORNINGSIDE CLOSE.

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat Morningside Close (Pty.), Ltd., aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Zandfontein No. 42—I.R., distrik Johannesburg, wat bekend sal wees as Morningside Close.

Die voorgestelde dorp lê suid van en grens aan dorp Rivonia.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B221, Tweede Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoe te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinsiale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

KENNISGEWING NO. 7 VAN 1967.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP PUTCOTON.

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat Consolidated Main Reef Mines Estate, Ltd., aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Paardekraal No. 226—I.Q., distrik Roodepoort, wat bekend sal wees as Putcoton.

Die voorgestelde dorp lê suid van en grens aan Hoofrifweg, oos van en grens aan Orlandoweg.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B221, Tweede Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Administrator's Notice No. 114.]

[1 February 1967.

PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM KLIPVIEW NO. 175—I.R., DISTRICT OF VEREENIGING.

In view of application having been made on behalf of Mr. W. G. Brill for the cancellation or reduction of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 1,608 morgen 518 square roods, to which the Remaining Extent of the farm Klipview No. 175—I.R., District of Vereeniging, is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Private Bag 1001, Benoni, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 021-024-37/3/K10.

GENERAL NOTICES.

NOTICE NO. 6 OF 1967.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF MORNINGSIDE CLOSE TOWNSHIP.

It is hereby notified in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by Morningside Close (Pty.), Ltd., for permission to lay out a township on the farm Zandfontein No. 42—I.R., District of Johannesburg, to be known as Morningside Close.

The proposed township is situate south of and abuts Rivonia Township.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the office of the Director, Room No. B221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate, in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.
25-1

NOTICE NO. 7 OF 1967.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF PUTCOTON TOWNSHIP.

It is hereby notified in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by Consolidated Main Reef Mines Estate, Ltd., for permission to lay out a township on the farm Paardekraal No. 226—I.Q., District of Roodepoort, to be known as Putcoton.

The proposed township is situate south of and abuts Main Reef Road, east of and abuts Orlando Road.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the Office of the Director, Room No. B221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinsiale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

KENNISGEWING No. 8 VAN 1967.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP GLEN-HEATHER.

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat Zalex Eiendomme (Edms.), Bpk., aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Syferfontein No. 51—I.R., distrik Johannesburg, wat bekend sal wees as Glen-Heather.

Die voorgestelde dorp lê noord van en grens aan die dorp Kew Uitbreiding No. 1.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B221, Tweede Vloer, Blok B, Proviniale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinsiale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

KENNISGEWING No. 9 VAN 1967.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP BARFIELD ESTATE.

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat Zandfontein Investments (Pty.), Ltd., en Boedel wyle Samuel Edinburg, aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Zandfontein No. 42—I.R., distrik Johannesburg, wat bekend sal wees as Barfield Estate.

Die voorgestelde dorp lê ongeveer 'n halfmyl suid van dorp Kramerville, suid van en grens aan Old Maristonian Ontspanningsgronde, wes van Louis Bothalaan.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B221, Tweede Vloer, Blok B, Proviniale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate, in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.
25-1

NOTICE No. 8 OF 1967.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF GLEN-HEATHER TOWNSHIP.

It is hereby notified in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by Zalex Properties (Pty.), Ltd., for permission to lay out a township on the farm Syferfontein No. 51—I.R., District of Johannesburg, to be known as Glen-Heather.

The proposed township is situate north of and abuts Kew Extension No. 1 Township.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the office of the Director, Room No. B221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate, in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.
25-1

NOTICE No. 9 OF 1967.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF BARFIELD ESTATE TOWNSHIP.

It is hereby notified in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by Zandfontein Investments (Pty.), Ltd., and Estate late Samuel Edinburg, for permission to lay out a township on the farm Zandfontein No. 42—I.R., District of Johannesburg, to be known as Barfield Estate.

The proposed township is situate more or less half a mile south of Kramerville Township, south of and abuts Old Maristonian Recreation Ground, west of Louis Botha Avenue.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the office of the Director, Room No. B221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die Provinciale Koerant deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

KENNISGEWING No. 10 VAN 1967.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE TITEL- VOORWAARDES VAN ERWE Nos. 71 EN 72, DORP NEW CENTRE.

Hierby word bekendgemaak dat Stobol Investments (Proprietary), Limited, ingevolge die bepalings van artikel een van die Wet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1946, aansoek gedoen het om die wysiging van die titelvoorwaardes van Erwe Nos. 71 en 72, Dorp New Centre, ten einde dit moontlik te maak dat die erwe vir garage-doeleindes gebruik kan word.

Die aansoek en die betrokke dokumente lê ter insae in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer No. B222, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Iedereen wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, moet binne agt weke na die datum hiervan skriftelik met die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Posbus 892, Pretoria, in verbinding tree.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 25 Januarie 1967.

KENNISGEWING No. 11 VAN 1967.

VERKLARING TOT SLUM.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel ses van die Slums wet, 1934 (Wet No. 53 van 1934), soos gewysig, bekendgemaak dat die Slumopruimingshof van die plaaslike bestuursdistrik Klerksdorp, kragtens die bevoegdheid hom verleen by genoemde Wet die perseel in die ondergenoemde bylae beskryf, tot 'n slum verklaar het.

Kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel vyf van genoemde Wet het die Slumopruimingshof die eienaar van genoemde perseel gelas om 10 kamers en die buitegeboue op gemelde perseel te sloop en om met sodanige sloping voor of op 1 Februarie 1967 te begin.

H. KEYSER,
Sekretaris, Slumopruimingshof.

BYLAE.

Sekere geboue en kamers geleë te Elandsheuwelstraat 60, naamlik Gedeelte 47 van die plaas Elandsheuwel No. 402, Elandsheuwel, Klerksdorp, geregistreer op naam van Boedel Wyle Eliza Vengadasammy.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate, in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the Provincial Gazette.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.
25-1

NOTICE No. 10 OF 1967.

PROPOSED AMENDMENT OF THE CONDITIONS OF TITLE OF ERVEN Nos. 71 AND 72, NEW CENTRE TOWNSHIP.

It is hereby notified that application has been made by Stobol Investments (Proprietary), Limited, in terms of section one of the Removal of Restrictions in Townships Act, 1946, for the amendment of the conditions of title of Erven Nos. 71 and 72, New Centre Township, to permit the erven being used for garage purposes.

The application and the relative documents are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room No. B222, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

Any person who objects to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter shall communicate in writing with the Director of Local Government, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, within a period of eight weeks from the date hereof.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.
Pretoria, 25th January, 1967.

25-1

NOTICE No. 11 OF 1967.

DECLARATION OF SLUM.

Notice is hereby given in terms of section six of the Slums Act, 1934 (Act No. 53 of 1934), as amended, that the Slum Clearance Court of the local authority district of Klerksdorp acting under the powers conferred upon it by the said Act, has declared the premises in the annexure hereto to be a slum.

In terms of paragraph (b) of subsection 1 of section five of the said Act, the Slum Clearance Court has directed the owner to demolish 10 rooms and the out-buildings on the said premises, and to commence such demolition on or before the 1st February, 1967.

H. KEYSER,
Secretary, Slum Clearance Court.

ANNEXURE.

Certain buildings and rooms situate at 60 Elandsheuwel Street, on Portion 47 of the Farm Elandsheuwel No. 402, Elandsheuwel, Klerksdorp, registered in the name of Estate Late Eliza Vengadasammy.

9.

KENNISGEWING NO. 12 VAN 1967.

VERKLARING TOT SLUM.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikels van die Slumswet, 1934 (Wet No. 53 van 1934), soos gewysig, bekendgemaak dat die Slumopruimingshof van die plaaslike bestuursdistrik Klerksdorp, kragtens die bevoegdheid hom verleen by genoemde Wet die perseel in die ondergenoemde Bylae beskryf, tot 'n slum verklaar het.

Kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel vyf van genoemde Wet het die Slumopruimingshof die eienaar van genoemde perseel gelas om vyf kamers en twee latrines op gemeide perseel te sloop en om met sodanige sloping voor of op 1 Februarie 1967 te begin.

H. KEYSER,
Sekretaris, Slumopruimingshof.

BYLAE.

Sekere geboue en kamers geleë te Elandsheuwelstraat 58, naamlik Gedeelte 84 van die plaas Elandsheuwel No. 402, Elandsheuwel, Klerksdorp, geregistreer op naam van Boedel wyle Eliza Vengadasammy.

KENNISGEWING NO. 13 VAN 1967.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP ERMELO
UITBREIDING No. 11.

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Ermelo aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plase Van Oudshoornstroom en Witbank No. 261—I.T. en No. 262—I.T., respektiewelik, distrik Ermelo, wat bekend sal wees as Ermelo Uitbreiding No. 11.

Die voorgestelde dorp lê suid van en grens aan die dorp Ermelo.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B.221, Tweede Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur, skriftelik, in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinciale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

1-8

KENNISGEWING NO. 14 VAN 1967.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP ERMELO
UITBREIDING No. 10.

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat Stadsraad van Ermelo aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Van Oudshoornstroom No. 261—I.T., distrik Ermelo, wat bekend sal wees as Ermelo Uitbreiding No. 10.

Die voorgestelde dorp lê wes van en grens aan die Hoofspoorlyn, suidoos van en grens aan die dorp Ermelo.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B.221, Tweede Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor

NOTICE NO. 12 OF 1967.

DECLARATION OF SLUM.

Notice is hereby given, in terms of section six of the Slums Act, 1934 (Act No. 53 of 1934), as amended, that the Slum Clearance Court of the local authority, District of Klerksdorp, acting under the powers conferred upon it by the said Act, has declared the premises in the Annexure hereto to be a slum.

In terms of paragraph (b) of sub-section (1) of section five of the said Act, the Slum Clearance Court has directed the owner to demolish five rooms and two toilets on the said premises, and to commence such demolition on or before the 1st February, 1967.

H. KEYSER,
Secretary, Slum Clearance Court.

ANNEXURE.

Certain buildings and rooms situate at 58 Elandsheuwel Street, on Portion 84 of the farm Elandsheuwel No. 402, Elandsheuwel, Klerksdorp, registered in the name of Estate late Eliza Vengadasammy.

NOTICE NO. 13 OF 1967.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF ERMELO
EXTENSION No. 11 TOWNSHIP.

It is hereby notified, in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by the Town Council of Ermelo for permission to lay out a township on the farms Van Oudshoornstroom and Witbank No. 261—I.T. and No. 262—I.T., respectively, District of Ermelo, to be known as Ermelo Extension No. 11.

The proposed township is situated south of and abuts Ermelo Township.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the office of the Director, Room No. B.221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate, in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged, in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.

1-8

NOTICE NO. 14 OF 1967.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF ERMELO
EXTENSION No. 10 TOWNSHIP.

It is hereby notified, in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by Town Council of Ermelo for permission to lay out a township on the farm Van Oudshoornstroom No. 261—I.T., district of Ermelo, to be known as Ermelo Extension No. 10.

The proposed township is situated west of and abuts the Main Railwayline, south-east of and abuts Ermelo Township.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the office of the Director, Room No. B.221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making

te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinsiale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

1-8

KENNISGEWING No. 15 VAN 1967.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP ROSSLYN
UITBREIDING No. 1.

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Klipfontein No. 268—J.R., distrik Pretoria, wat bekend sal wees as Rosslyn Uitbreiding No. 1.

Die voorgestelde dorp lê noord van en grens aan die dorp Rosslyn.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B221, Tweede Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinsiale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

KENNISGEWING No. 16 VAN 1967.

PRETORIA DORPSAANLEGSKEMA No. 1/130.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van subartikel (1) van artikel 39 van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, bekend gemaak dat die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om Pretoria-dorpsaanlegskema No. 1, 1944, te wysig deur die herbestemming van Erwe Nos. 646, 647 en 648, in die dorp Arcadia, Pretoria, begrens deur Edmund-, Hamilton- en Zievogelstraat en Restant van Gedeelte van die plaas Elandsport No. 357—J.R. van „Algemene Woon“ na „Spesiaal“ vir die oprigting aldaar van geboue vir 'n kultuurhistoriese museum en aanverwante doeleindes en kantore, onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit op Bylae „B“ Plan No. 349 van die konsepskema.

Verdere besonderhede van hierdie skema (wat Pretoria-dorpsaanlegskema No. 1/130 genoem sal word) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria en in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. B222, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria, ter insae.

Alle eienaars of bewoners van onroerende eiendom wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 'n maand na die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant van die Provinsie*, dit wil sê op of voor 14 Maart 1967, die Sekretaris van die Dorperaad by bovermelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so'n beswaar en die redes daarvoor.

H. MATTHEE,
Sekretaris, Dorperaad.

Pretoria, 1 Februarie 1967.

1-8-15

representations in the matter, shall communicate, in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged, in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.
1-8

NOTICE No. 15 OF 1967.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF ROSSLYN
EXTENSION No. 1 TOWNSHIP.

It is hereby notified, in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by Peri-Urban Areas Health Board for permission to lay out a township on the farm Klipfontein No. 268—J.R., District Pretoria, to be known as Rosslyn Extension No. 1.

The proposed township is situate north of and abuts Rosslyn Township.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection at the office of the Director, Room No. B221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.
1-8

NOTICE No. 16 OF 1967.

PRETORIA TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/130.

It is hereby notified in terms of sub-section (1) of section 39 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, that the City Council of Pretoria has applied for Pretoria Town-Planning Scheme No. 1, 1944, to be amended by the rezoning of Erven Nos. 646, 647 and 648 in the township of Arcadia, District of Pretoria, bordered by Edmund, Hamilton and Zievogel Streets, and Remainder of Portion of the farm Elandsport No. 357—J.R., from "General Residential" to "Special" for the erection thereon of buildings for a Historical and Cultural Museum and purposes incidental thereto and offices, subject to the conditions as set out on Annexure "B" Plan No. 349 of the draft scheme.

This amendment will be known as Pretoria Town-planning Scheme No. 1/130. Further particulars of the Scheme are lying for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria, and at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. B222, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Every owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies shall have the right of objection to the scheme and may notify the Secretary of the Townships Board, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. on or before the 14th March, 1967.

H. MATTHEE,
Secretary, Townships Board.
Pretoria, 1st February, 1967.
1-8-15

KENNISGEWING NO. 17 VAN 1967.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE TITEL-
VOORWAARDES VAN ERWE Nos. 779-791,
794-811, 813, 816, 818, 820, 827-839 EN 843-853,
DORP DELVILLE UITBREIDING No. 1.

Hierby word bekend gemaak dat Syndicate Investments (Proprietary), Limited, ingevolge die bepalings van artikel een van die Wet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1946, aansoek gedoen het om die wysiging van die titel-voorwaardes van:—

- (i) Erwe Nos. 794 en 795, Dorp Delville Uitbreiding No. 1, ten einde dit moontlik te maak dat die erwe vir „Algemene Besigheidsdoeleindes” gebruik kan word.
- (ii) Erwe Nos. 779-791, 796-811, 813, 816, 818, 820, 827-839 en 843-853, Dorp Delville Uitbreiding No. 1, ten einde dit moontlik te maak dat die erwe vir „Algemene Nywerheidsdoeleindes” gebruik kan word.

Die aansoek en die betrokke dokumente lê ter insae in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer No. B222, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoriustraat, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Iedereen wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, moet binne agt weke na die datum hiervan skriftelik met die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovemelde adres of Posbus 892, Pretoria, in verbinding tree.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.
Pretoria, 1 Februarie 1967.

1-8

TENDERS.

L.W.—Tenders wat voorheen gepubliseer is en waarvan die sluitingsdatums nog nie verstreke is nie, word nie in hierdie kennisgewing herhaal nie. Tenders word normaalweg 3-5 weke voor die sluitingsdatum gepubliseer.

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

TENDERS.

Tenders vir die volgende dienste/voorrade/verkope word ingewag. (Tensy dit in die uiteensetting anders aangegee word, word tenders vir voorrade bedoel):—

Tender No.	Beskrywing van tender.	Sluitings-datum.
H.B.	1/67 X-straalkoeverte.....	3/3/67
H.B.	2/67 Toiletseep.....	3/3/67
H.B.	3/67 (1) Nie-poetsbare, harpuisagtige, droë, blink emulsiepoliter, en (2) harpuisagtige, plastiese vloer verséelaar	3/3/67
H.C.	4/67 Komberse, wol, 72" x 90".....	3/3/67
H.C.	5/67 Fyngeweefde handdoekstof.....	3/3/67
H.C.	6/67 Gansogies-handdoekstof.....	3/3/67
H.D.	1/67 Verskillende items van staal-hospitaaluitrusting	3/3/67
H.D.	2/67 Ambulansdienste: Paul Kruger-gedenkhospitaal	3/3/67
H.D.	3/67 Beddens, Fowler en pasiëntewaentjies	3/3/67
H.D.	4/67 Verskillende items van hout-kantoorneubels	3/3/67
H.D.	5/67 Rolstoel.....	3/3/67
H.D.	6/67 Verband, medisyne, instrumente- en narkosewaentjies	3/3/67
H.D.	7/67 Elektriese dromtipte liasseerkabinet	3/3/67
R.F.T.	12/67 Suigslange.....	3/3/67
T.O.D.	6/67 Voorseeing en installering van interkommunikasiestelsels by Transvaalse skole	7/4/67
T.O.D.	7/67 Servette en tafeldoeke.....	3/3/67
T.O.D.	8/67 Gordynmateriaal.....	3/3/67
T.O.D.	9/67 Breiwol.....	3/3/67
T.O.D.	10/67 Afrolpapier.....	3/3/67
T.O.D.	11/67 Papier, bruin, pak- en bruin kraft	3/3/67
W.F.T.B.	36/67 Hoërskool Dr. Malan, Meyerton: Aanbouings en veranderinge	10/3/67
W.F.T.B.	37/67 Fairview Junior School, Johannesburg: Aanbouings en veranderinge	10/3/67
W.F.T.B.	38/67 Sabiese Hoërskool: Bou van teerpad	10/3/67

NOTICE NO. 17 OF 1967.

